

Fynproewers sluit jaar af met 'n kersete

Vrydag 16 November 2018 was dit weer tyd vir die Heilbron Fynproewers om byeen te kom. Dit was die laaste funksie vir 2018 en gepas om die tema van die aand "Kersete" te maak. Reeds van vroegmiddag af het Japie Steyn gesorg dat die kole aan die gang kom. Koos en Christe van Niekerk het die skaap-op-die-spit gebrui en hulle glo aan 'n kole-vuur vir die lekkerste skaap.

Die Voorsitter, meneer Jeff Roos het die aand op gepaste wyse geopen en vir almal 'n Geseënde Kerstyd met vrede toegewens. Hy het ook CJ Langenhoven gepas aangehaal: "Deur twee dinge is my lewe vir my leefbaar gemaak, die liefde wat ek gegee het en die liefde wat ek gekry het." So van pas want Helgard en Alta Claasen het ook dieselfde dag hul 55ste huweliksherdiening gevier.

Nadat ds Braam van Zyl 'n lofrede en tafelgebed gedoen het, is daar behoorlik fees gevier. Dawn Wessels het die spyseniering vir die bykosse behartig. Op die spyskaart was 'n heerlike roomspinasie gereg, pampoekoekies wat altyd 'n wenner is, en 'n vars uitpakslaai. Die skaap-op-die-spit is bedien met kaasworsies, aartappeltjies, uitjies, sampioene en hoendersosaties.

Die warm somersaand is afgerond met 'n verfrissende en interessante nagereg. Vir ekstra bederf het Alwyn en Izerka Swart van hul dubbel-goud wen-liquers vir die gaste bedien.

Die Fynproewers kom vroeg in Februarie 2019 weer bymekaar vir hul jaarlikse "verrassingsaand" wat soos die naam dit aandui voorwaar iets is om na uit te sien in die nuwe jaar!



Op die foto vl: Nonna en Jeff Roos en Izerka en Alwyn Swart.



Op die foto vl: Helgard en Alta Claasen.

De Vrye Distillery fees was verseker suksesvol



Na 'n lang wag het De Vry Distillery se draf en fees aangebreek op Saterdag, 17 November 2018. Vir hul eerste draf en fees was dit verseker baie suksesvol. Drawwers van ver en veral Gauteng-area het kom deel in die pret draf met afstande van vyf kilometer, 10 kilometer en 21 kilometer. Daar het baie harde werk in die dag se roete ingegaan om dit "draf-vriendelik" te kon maak. Dit was mooi weer en 'n sonskyn dag, maar die hittegolf was onvermydelik. Maar dit het die tawwe drawwers nie afgesit nie. Toe die sweep die grond tref, spring oud en jonk weg. Die atlete se tyd was elektronies gemonitor deur 'n magneet wat op hul nummers aangebring was. Na die tyd het elke atleet sy tyd deur middel van 'n sms ontvang. "Where in the world will you get a gin in hand when you finish your run?" het 'n deelnemer op die Facebook-blad ge-plaas. Die atlete het na die pretdraf heerlike vrugte ook geniet. Daar word nog gewik en gewee

om moontlik die volgende *trailrun* in Mei 2019 te hou. Daartyd van die jaar is dit nie te warm of te koud nie en die reën sal ook nie die drafroete kan beïnvloed nie. De Vry Distillery het baie komplimente ontvang oor die Vrystaat se gasvryheid en die positiewe ervarings wat beleef is.



21 km mans: Eric Mokwena (tweede plek), Christopher Venter (eerste plek) en Dirk Taljaard (derde plek).



10 km mans: Ryan Thomson (eerste plek), Helgo Hohenstein (tweede plek) en Paul Vermaak (derde plek).



10 km dames: Nicole Scheepers (derde plek) Sarah Foreshaw (tweede plek) en Cyonda Bekker (eerste plek).



21 km dames: Esna Roux (eerste plek), Anmarie de Wet (tweede plek) en Sonya Viljoen (derde plek).



Cemon Snyman en Tharina van Wyngaart van Luhu.

VVA maak gereed vir mark



Die Vrystaat Versorging in Aksie (VVA) is druk besig om gereed te maak vir die kersnagmark en 110 jaar vieringe. Kom loer gerus in by die stalletjie op 30 November 2018 vanaf 15:00 en geniet die lekkernye. Op die foto verskyn Erika van Niekerk, Nellie Buurman, Surene Strydom en Patricia Harmse.

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil.

Verskoning dat ek nou eers van ons laat hoor. Baie dankie aan die NG Moedergemeente se vrouens wat so dierbaar was om vir ons lekker poeding te gee. Ons waardeer julle baie omgee en dat julle aan ons gedink het. Woorde ontbreek wanneer daar bewys word dat julle spesiaal aan ons gedink het. Liefde wat in dade omskep word. Baie dankie.

Baie dankie aan Edenville VLU, met die groot verrassing op die 15de November toe daar pakkies met heerlike koekies aan almal uitgedeel is. Dit was 'n wonderlike gedagte só voor Kersfees. Daar is nog baie dierbare en onselfsugtige mense, wat met liefde in hulle harte oopmaak. Ons weet dit kom uit die diepte van julle harte. Wonderlik dat daar aan ons gedink word. Ons waardeer almal se aandeel in die verrassing, wat ons te beurt geval het.

'n Baie Geseënde Kersgety, of moet ek liever sê, met die Christusfees. Laat ons opnuut neer kniel in aanbidding, en met dankbaarheid oor die Groot Verlosser wat vir ons gebore is.

Handgemaak ... Met Liefde

Besoek ons stalletjie

Vrydag 30 Nov

- Mislatuur Verplantjies
- Blaasies
- Fluwigbrood
- Egglutier
- Baloue Ligkrans
- Mislatuur Saans
- Handgemaakte Voornote

LUHA • NagKersmark • 30 Nov • Vanaf 15:00